

14 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6–3:9 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:1

Lewe volgens die Gees

Gister het ons gehoor: God het ons kragtig herskep van natuurlike mense tot geestelike mense. Nou kan jy dink: “Ek weet ek is geestelik lewendig (ek glo opreg in Christus), maar partykeer gee ek toe aan optrede en begeertes van die vlees in plaas van die Gees.”

So kom ons by die derde tipe mens: *die vleeslike*. Alhoewel die vleeslike mens wedergebore is en in staat is om die leiding van die Heilige Gees te volg soos die geestelike mens, besluit so ‘n gelowige om nog dikwels die impulse van die vlees te volg. Ons moet verstaan dat God by ons wedergeboorte nou wel nie soos met ‘n rekenaar die “delete”-knoppie gedruk het sodat ons denke en geheue nou heeltmaal skoon is nie. Nee, aangeleerde vleeslike gewoontes van voor ons wedergeboorte is nog steeds in ons siele ingeprent. Dan leef ons ook nog in ‘n wêreld waar die meeste mense óm ons volgens die vlees lewe. God speel geen rol in die wêreld waarmee ons elke dag te doen kry nie. As gevolg van aangeleerde vleeslike gewoontes en voorbeelde kies baie gelowiges daaglik om die vlees te volg en te maak soos die res van die wêreld. As vleeslike mens is jy nog ‘n baba in die geloof. As iemand van jou verskil, dan bars jy in woede uit of kry stilstupe; of jy is jaloers en kritiseer voortdurend mense agteraf (1 Kor 3:3).

Jy moet groei in Christus tot ‘n geestelik volwasse mens wat gelei word deur die Gees. As jy afdwaal, bely jou sonde voor God en keer terug na die pad van die Gees. Om volgens die Gees te leef, vra van jou daaglikse bekering. So word jy meer en meer wat jy alreeds in Christus is.

Sing: Skrifberyming 14:2 Ds SJ Briel (Bergbron)